# HOOFSTUK 10

## 10. SEKONDÊRE SKOLE: AANBIEDING EN INTERPRETERING VAN VRAELYSRESPONSE

### 10.1 Inleiding

Die implementering van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel het verskeie implikasies vir die sekondêre skool. In hierdie hoofstuk word vraelysresponse met betrekking tot die volgende sake aangebied en geïnterpreteer: Funksionele, Hoër en Standaardgraadvakke; die Praktiese kursus en Voorligting.

Response rakende die waardes en tekortkominge van die gedifferensieerde onder=wysstelsel in die sekondêre skool word in die laaste gedeelte van die hoofstuk weergegee.

### A. Algemeen

Vraag 1

Om vas te stel of response op bepaalde items verband hou met die grootte van skole is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Getal leerlinge in u se=kondêre skool?" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 1). Response op hierdie item word in tabel 10.1 aangebied.

TABEL 10.1

Getal leerlinge in sekondêre skole

| Getals=intervalle | 100 en minder | 101-300 | 301-500 | 501-700 | 701-900 | 901+ | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal skole | 16 | 36 | 13 | 10 | 4 | 2 | 81 |
| % | 19,8 | 44,4 | 16,0 | 12,3 | 4,9 | 2,5 | 100* |

Uit vraelysresponse blyk dit dat die grootste aantal skole, naamlik 44,4% (36) tussen 101 en 300 leerlinge het, terwyl die tweede grootste groep, naamlik 19,8% (16) skole 100 en minder leerlinge het.

## 10.2 Funksionele Wiskunde en Natuur- en Skeikunde

### Vraag 2a

Om vas te stel wat die rasionaal vir die Funksionele vakke is, is items 2 en 3 in die vraelys ingesluit. Die getal skole wat dié vakke aanbied, word deur die volgende item in die vraelys vasgestel: "Bied u skool die volgende vakke aan?" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 2a). Response op hierdie item word in tabel 10.2 weergegee.

TABEL 10.2

Skole wat Funksionele vakke aanbied

| Vakke | Funksionele Wiskunde | Funksionele Natuur- en Skei=kunde |
|---|---|---|
| Getal skole | 4 | 3 |
| % | 4,9 | 3,7 |

(aantal respondente = 81)

Vraelysresponse toon dat 4,9% (4) skole (3 Tegniese en 1 sekondêre skool met 'n Tegniese afdeling) Funksionele Wiskunde en 3,7% (3) skole (3 Tegniese skole) Funksionele Natuur- en Skeikunde aanbied.

### Vraag 2b

In die volgende item word die mening van respondente oor die onderskeid tussen Funksionele en Standaardgraadvakke gevra: "Indien u JA geantwoord het by vraag 2a, waarom kan leerlinge wat 'n vak op die Funksionele vlak neem dit nie op Standaardgraad neem nie?" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 2b). Response op hierdie item word vervolgens bespreek.

Sommige respondente toon aan dat die moeilikheidsgraad van Standaardgraad Wis=kunde en Natuur- en Skeikunde vir 'n groot persentasie leerlinge te hoog is, omdat alle leerlinge in die Tegniese skool hierdie twee vakke moet neem. Ver=der word daarop gewys dat die omvang van die werk in die Funksionele vakke aan=sienlik minder is as in die Standaardgraadvakke en dat "minder insig in eksami=nering vereis word".

Vraag 3a

Om vas te stel of die differensiasie tussen Funksionele en Praktiese Wiskunde duidelik genoeg is, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Is die dif=ferensiasie (verskil) tussen Funksionele Wiskunde en Praktiese Wiskunde volgens u mening groot genoeg?" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 3a). Response op hierdie item word in tabel 10.3 aangebied.

TABEL 10.3

Differensiasie tussen Funksionele en Praktiese Wiskunde

| Voldoende differensiasie | Ja | Nee | Geen respons | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Getal skole | 3 | 0 | 1 | 4 |
| % | 75,0 | 0 | 25,0 | 100 |

Respondente toon aan dat leerlinge wat die Funksionele vakke volg die ander vak=ke in die kurrikulum normaalweg in die Standaard- of Hoër Graad volg. Hierteen=oor vaar die leerling wat tot die Praktiese kursus toegelaat word oor die al=gemeen swak in al die vakke. Daar is egter nie aangedui of die sillabusinhou=de van Funksionele en Praktiese Wiskunde hoofsaaklik op grond van leerstoftemas en/of deur standaardniveau's verskil nie.

## 10.3 Hoër en Standaardgraadvakke

In hierdie paragraaf word response op items 4, 5, 6, 7 en 8 aangebied en bespreek.

Vraag 4

Die persentasie leerlinge wat 'n vak op 'n bepaalde vlak aanbied en druip of A-simbole behaal, in verhouding tot dié persentasie op die ander vlak waar= in die vak aangebied word, maak nie direkte afleidings met betrekking tot die standaard van 'n betrokke vakvlak moontlik nie. 'n Algemene patroon in persentasie druiping of A-simbole in 'n vak kan egter wel 'n aanduiding wees van 'n moontlike onrealistiese standaard. Die volgende item is daarom in die vraelys ingesluit: "Verskaf asseblief die volgende besonderhede met be= trekking tot die uitslae van die 1976 st. x-eindeksamen: getal leerlinge wat die volgende vakke aangebied, geslaag, gedruip en A-simbole behaal het" (By= laag 2, Afdeling A, Vraag 4). Response is met betrekking tot Rekeningkunde, Wiskunde en die Eerste Taal gevra.

Die genoemde drie vakke is na aanleiding van response in die redigering van die vraelyste (kyk par. 8.4.1) geselekteer. Afleidings met betrekking tot die standaard vanvakvlakke kan verder slegs op grond van hierdie vakke ge= doen word. Respondente wat hierdie probleem in ander vakke ondervind, kan die aard daarvan in die ongestruktureerde responsruimte op Vraag 9 (Afde= ling C) aandui. Daar word ook net belang gestel in bepaalde tendense, wat deur algemene voorkoms daarvan opgemerk mag word, sodat syferresultate nie getabuleer sal word nie.

Uit vraelysresponse is dit duidelik dat die persentasie druiping en A-simbole tussen bepaalde vakvlakke eweredig versprei is en nie in 'n spesifieke patroon manifesteer nie.

Vraag 5a

Om vas te stel hoeveel skole 'n vak(-ke) op Standaard- en Hoër Graad gelykty= dig in dieselfde lokaal aanbied, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Bied u vakke op Standaardgraad en Hoër Graad gelyktydig in dieselfde lokaal aan?" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 5a). Response op hierdie item word in ta= bel 10.4 aangebied.

TABEL 10.4

Skole wat Standaard- en Hoër Graadvakke gelyktydig in dieselfde lokaal aanbied

| Dieselfde lokaal | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| Getal skole | 73 | 8 | 81 |
| % | 90,1 | 9,9 | 100 |

Vraelysresponse toon aan dat 90,1% (73) skole Standaard- en Hoër Graadvakke gelyktydig in dieselfde lokaal aanbied, terwyl 9,9% (8) skole leerlinge hier=voor in aparte klasse groepeer.

Vraag 5b

In die volgende item word die respondente gevra om die respons op Vraag 5a te kwalifiseer: "Indien JA, noem en motiveer asseblief" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 5b). Response op hierdie item word vervolgens bespreek. Die redes waarom 90,1% (73) respondente Standaard- en Hoër Graadvakke gelyktydig in dieselfde lokaal aanbied, is die volgende:

a. onvoldoende personeelvoorsiening word deur 67,1% (49) respondente as die belangrikste rede genoem;

b. response op Vraag 4 toon dat 'n groot aantal skole klein getalle leerlinge in Standaardgraad- en/of Hoër Graadgroepe het. As voorbeeld hiervan word die verspreiding van leerlinge in Rekeningkunde en Wiskunde in 'n aantal skole (leerlingtal tussen 76 en 188) in tabel 10.5 weergegee.

TABEL 10.5

Verspreiding van leerlinge in Standaard- (SG) en Hoër Graadvakke (HG) in 'n aantal skole

| Skole | | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Rekeningkunde | HG | 1 | 1 | 4 | 4 | 14 | 3 | 4 | 3 | 2 | 6 |
| | SG | 22 | 8 | 7 | 9 | 2 | 8 | 6 | 8 | 5 | 2 |
| Wiskunde | HG | 9 | 3 | 1 | 8 | 5 | 4 | 3 | 2 | 2 | 5 |
| | SG | 1 | 5 | 9 | 2 | 2 | 2 | 4 | 6 | 6 | 2 |

Op grond van hierdie verskynsel vind 42,5% (31) respondente dit onprakties om leerlinge, wat 'n vak op verskillende vlakke neem, in afsonderlike lokale te onderrig;

c. probleme in die opstel van 'n rooster, waarin die vakvlakke geskei is, word deur onvoldoende personeelvoorsiening in die hand gewerk; en

d. 'n tekort aan klaskamerfasiliteite word deur 10,9% (8) respondente as die basiese probleem aangedui.

Vraelysresponse toon dat Standaard- en Hoër Graadleerlinge in Rekeningkunde, Wiskunde, Geskiedenis, Aardrykskunde en Biologie saamgegroepeer word.

Samevattende gevolgtrekking

Onvoldoende personeelvoorsiening is die belangrikste rede waarom leerlinge van verskillende vakvlakke gelyktydig in dieselfde lokaal onderrig word. Hierdie feit word nie alleen deur vraelysresponse van 67,1% (49) skole aangedui nie, maar verder gestaaf deur die feit dat skole met onderskeidelik 825, 670, 691, 1 670, 650, 560, 915, 852 en 641 leerlinge in bepaalde vakvlakke saamgroepeer. Hierdie 9 skole dui personeeltekorte as die motivering daartoe aan.

In November 1972 verklaar die O.V.S.-Onderwysdepartement dat sillabusse so op= gestel is dat "daar 'n gemeenskaplike kern(-e) vir die twee grade bestaan;

dus kan selfs skole met 'n klein sekondêre inskrywing wat dit onmoontlik vind om leerlinge in afsonderlike klasgroepe in te deel vir die twee grade hierdie vorm van differensiasie toepas deur 'n vak in albei grade vir een klasgroep aan te bied" (O.V.S.-Omsendbrief no. 91 van 1972).

Vraag 6a

Om vas te stel of hierdie reëling opvoedkundig slaag, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Dink u dat daar doeltreffend genoeg gedifferensi= eer kan word deur die gelyktydige aanbieding van vakke op Standaardgraad en Hoër Graad in dieselfde lokaal?" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 6a). Response op hierdie item word in tabel 10.6 aangebied.

TABEL 10.6

Evaluering van die gelyktydige aanbieding van verskillende vakvlakke in dieselfde lokaal

| Doeltreffende differensiëring | JA | NEE | Totaal |
|---|---|---|---|
| Getal skole | 17 | 56 | 73 |
| % | 23,3 | 76,7 | 100 |

Uit vraelysresponse is dit duidelik dat doeltreffende differensiasie onmoontlik is waar 'n skool genoodsaak word om leerlinge van verskillende vakvlakke gelyk= tydig in dieselfde lokaal te onderrig.

Vraag 6b

Ter kwalifisering van response op Vraag 6a is motivering daarvan in die volgen= de item gevra: "Motiveer u antwoord asseblief" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 6b). Response op hierdie item word vervolgens bespreek.

Respondente wat aandui dat daar in dieselfde klas doeltreffend genoeg gediffe= rensieer kan word, motiveer hul standpunt soos volg:

a. deur goeie leerstofbeplanning is dit wel moontlik;

b. bekwame en ervare onderwysers kan hierdie taak met klein groepe leerlinge suksesvol hanteer;

c. in klein klasse kan beheer oor beide groepe maklik geskied en individuele aandag aan alle leerlinge gegee word. Waar nodig kan aanvullende klasse in Hoër Graad gereël word; en

d. in geesteswetenskaplike vakke kan onderrig aan twee groepe leerlinge in dieselfde klas doeltreffend geskied.

Respondente wat aandui dat daar op hierdie wyse nie doeltreffend genoeg ge=differensieer kan word nie, motiveer hul standpunt soos volg:

a. daar is te min tyd om voldoende aandag aan albei groepe in die bestek van een periode te gee. In dubbelmediumklasse moet die periode bykans in vier verdeel word. Swakker leerlinge in die Standaardgraadkursus eis dikwels baie tyd op, sodat aanvullende klasse in die middag gereël moet word;

b. verskille in sillabusse, byvoorbeeld in Wiskunde, maak dit onmoontlik om aan albei groepe reg te laat geskied. Dit is verder onmoontlik om 'n sil=labus in die helfte van die normale tyd af te handel;

c. ooreenstemmende gedeeltes in sillabusse bied geen oplossing nie, omdat die onderwyser se metodiek vir die twee groepe verskil. Aan leerlinge in die Hoër Graad word baie minder meegedeel en klem gelê op kreatiewe self=werksaamheid, terwyl leerlinge in die Standaardgraad breër verduideliking en herhaling vereis; en

d. dit is bykans onmoontlik om die Standaardgraadleerlinge aktief besig te hou terwyl die Hoër Graadleerstof behandel word. Dissipline probleme ontstaan en verbreek die konsentrasie van dié groep waarmee die onderwyser op daardie stadium besig is.

Vraag 7

Tydens die eerste redaksie van die vraelys (kyk par. 8.4.1) het respondente aangedui dat gedifferensieerde onderwys slegs doeltreffend in groot skole toe=gepas kan word, omdat daar dan genoeg leerlinge in die verskillende vakvlakgroepe en voldoende personeel beskikbaar sal wees. Om vas te stel wat die ideale grootte van 'n sekondêre skool in die huidige bedeling behoort te wees, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Wat beskou u as die ideale grootte van 'n sekondêre skool in Suid-Afrika vir die huidige stelsel van gedifferen=sieerde onderwys?" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 7). Response op hierdie item word in tabel 10.7 aangebied.

TABEL 10.7

Die ideale grootte van sekondêre skole

| Getals= intervalle | 200-400 | 401-600 | 601-800 | 801-1000 | 1001 en meer | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal skole | 19 | 38 | 17 | 0 | 1 | 75 |
| % | 25,3 | 50,7 | 22,7 | 0 | 1,3 | 100 |

(6 van die 81 respondente het geen respons op hierdie item gelewer nie)

Uit 'n totaal van 75 respondente wat hierdie item beantwoord het, toon die grootste aantal, naamlik 50,7% (38) dat die ideale grootte van 'n sekondêre skool vir die huidige stelsel van gedifferensieerde onderwys 401 tot 600 leer=linge moet wees.

Na kontrolering van response met die huidige grootte van die betrokke skole, is gevind dat die meeste respondente se respons beïnvloed is deur die getal leer=linge in hul skole. Respondente met byvoorbeeld ± 200 leerlinge verkies in die algemeen 'n leerlingtal van 400, terwyl respondente met ± 400 leerlinge weer rondom 600 leerlinge as die ideaal aandui. Beroepskole (veral Tegniese en Landbouskole) stel dat die leerlingtal ten minste 600 leerlinge moet wees. Op grond hiervan is dit nie moontlik om betroubare afleidings uit vraelysres=ponse te maak nie.

Vraag 8

Alhoewel in gedagte gehou is dat sekere vakke tydens die senior sekondêre fase in die algemeen deur minder leerlinge gevolg word (byvoorbeeld Natuurwetenskap=like vakke), is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Wat dink u moet die minimum getal leerlinge wees om die instelling of voortbestaan van 'n vak in die senior sekondêre fase te regverdig?" (Bylaag 2, Afdeling A, Vraag 8). Response op hierdie item word in tabel 10.8 aangebied.

TABEL 10.8

Minimum getal leerlinge vir die instelling of voortbestaan van 'n vak

| Getals=intervalle | 5-10 | 11-15 | 16-20 | 21-25 | 26 en meer | Ander response | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal skole | 46 | 18 | 7 | 1 | 4 | 5 | 81 |
| % | 56,8 | 22,2 | 8,6 | 1,2 | 4,9 | 6,2 | 100* |

Uit vraelysresponse blyk dat die meeste respondente, naamlik 56,8% (46) van me=ning is dat 5 tot 10 leerlinge voldoende is vir die instelling of voortbestaan van 'n vak in die senior sekondêre fase. 'n Aantal respondente, naamlik 6,2% (5) het hul response soos volg gekwalifiseer:

a. selfs al is daar net 1 leerling wat 'n betrokke vak wil volg, moet (of be=hoort) die vak ingestel word of bly voortbestaan;

b. verskillende norme behoort vir "klein" en "groot" skole te geld, naamlik on=derskeidelik 5 en 15 leerlinge;

c. die minimum getal leerlinge behoort te wissel volgens die vak en die groot=te van die skool; en

d. slegs 1 respondent het die item volledig beantwoord, deur te stel dat 10 leerlinge vir die instelling en 2 leerlinge vir die voortbestaan van 'n vak moet geld.

In die lig daarvan dat omstandighede in 'n groot mate van skool tot skool verskil, behoort die instelling en/of voortbestaan van 'n vak op meriete be= oordeel te word.

B. Praktiese kursus

10.4 Organisasie van die kursus

In hierdie paragraaf word response op items 1, 2 en 7 aangebied en bespreek.

Vraag 1a

Met die doel om te bepaal hoeveel en watter Praktiese kursus(-se) in skole aan= gebied word, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Bied u 'n Prak= tiese kursus(-se) in die volgende standerds aan? (Indien wel, noem asseblief die kursus(-se); indien NEE, gaan na Afdeling C)" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 1a). Response op hierdie item word in tabel 10.9 aangebied.

TABEL 10.9

Praktiese kursusse wat in skole aangebied word

| Kursusse | Algemeen | Handel | Tegnies | Huishoudkunde | Natuurweten= skaplik | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| st. 6-8 | 19 | 23 | 5 | 3 | 1 | 51 |
| % | 37,3 | 45,1 | 9,8 | 5,9 | 2,0 | 100* |
| st. 9-10 | 4 | 6 | 5 | 1 | 0 | 16 |
| % | 25,0 | 37,5 | 31,3 | 6,3 | 0 | 100* |

In hierdie tabel is die response in die vorm van getal kursusse aangebied, omdat sekere skole Praktiese kursusse in meer as een rigting aanbied. Daar is 40 sko= le wat 'n totaal van 51 Praktiese kursusse in st. 6 - 8 en 16 in st. 9 - 10 aan= bied.

Vraelysresponse toon dat die meeste, naamlik 45,1% (23) van die Praktiese kur= susse (st. 6 - 8) in die Handelsrigting en die minste, naamlik 2,0% (1) in die

Natuurwetenskaplike rigting aangebied word. Verder word die meeste Praktiese kursusse in st. 9 - 10, naamlik 37,5% (6) in die Handelsrigting aangebied, terwyl 6,3% (1) kursusse in die Huishoudkundige rigting aangebied word.

In die Praktiese kursusse in st. 6 - 8 is daar in die Oranje-Vrystaat slegs Handels-, Huishoudkundige, Algemene (seuns; meisies), Landboukundige en Teg= niese rigtings (O.V.S.-Omsendbrief no. 94 van 1972). Die aanduiding van 2,0% (1) respondente met betrekking tot die Natuurwetenskaplike rigting in st. 6 - 8 is daarom hiervolgens nie korrek nie. Die verpligte vakke vir alle Prak= tiese rigtings sluit egter Praktiese Wiskunde en Algemene Wetenskap in, sodat dié respondent waarskynlik daarna verwys het as die Natuurwetenskaplike rig= ting.

Die 16 Praktiese kursusse in st. 9 - 10 sluit op hierdie stadium slegs st. 9 in, omdat die eerste leerlinge eers in 1978 in st. 10 sal wees.

Vraag 1b

Die getal minderbegaafde leerlinge vir wie daar gedifferensieerde onderwys= voorsiening deur middel van die Praktiese kursus gemaak word, word deur die volgende item in die vraelys vasgestel: "Getal leerlinge in Praktiese kursus (-se)" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 1b). Response op hierdie item word in tabel 10.10 weergegee (kyk p. 202).

TABEL 10.10

Getal leerlinge in Praktiese kursusse

| Standerds | st 6 | | Totaal | st. 7 | | Totaal | st. 8 | | Totaal | st. 9 | | Totaal | Groottotaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | seuns | dogters | | seuns | dogters | | seuns | dogters | | seuns | dogters | | seuns | dogters |
| Getal leerlinge | 424 | 332 | 756 | 517 | 478 | 995 | 489 | 427 | 916 | 168 | 186 | 354 | 1 598 | 1 423 |
| | | | | | | | | | | | | | 3 021 | |
| % | 56,1 | 43,9 | 100 | 52,0 | 48,0 | 100 | 53,4 | 46,6 | 100 | 47,5 | 52,5 | 100 | - | |

Vraelysresponse toon dat daar 3 021 leerlinge in Praktiese kursusse in 40 skole is. In totaal is daar 175 meer seuns as dogters wat die Praktiese kursusse volg.

Vraag 2a

Omdat die Onderwysdepartement die moontlikheid voorsien dat kleiner sekondêre skole, wat probleme ervaar om weens klein getalle minderbegaafde leerlinge apar= te klasse te stig, hierdie leerlinge in die gewone klasse sal moet opneem (O.V.S.-Omsendbrief no. 94 van 1972), is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Groepeer u leerlinge van die Praktiese kursus saam met leerlinge van die Gewo= ne kursus vir onderrig in sekere vakke?" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 2a).

Response op hierdie item toon dat geen skole leerlinge in die Praktiese en Ge= wone kursusse vir eksamenvakke saamgroepeer nie.

Vraag 2b

Volgens response op die volgende kwalifiserende item: "Indien Ja, noem vak(-ke) en motiveer asseblief by elke vak" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 2b), groepeer 'n aantal skole egter wel leerlinge vir nie-eksamenvakke soos Liggaamlike Op= voeding, Sang en Voorligting.

Met betrekking tot Liggaamlike Opvoeding en Sang kan saamgroepering van leer= linge slegs 'n positiewe invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van veral die leerlinge in die Praktiese kursus hê. Op hierdie vlakke kan die minderbe= gaafde op gelyke basis met die normaalbegaafde meeding. Dit lei verder tot 'n beter inskakeling van die minderbegaafde op sosiale terrein. Die saamgroepering van die twee groepe leerlinge vir Voorligting is egter opvoedkundig verkeerd. Dit hou nie rekening met die opvoedkundige en beroepstoekoms van die leerling in die Praktiese kursus nie. Opvoedkundige Voorligting behoort toegespits te wees op die keuse van vakke in die betrokke Praktiese rigting en die keuse= moontlikhede in die st. 9- en 10-kursus. Beroepsvoorligting sal ook gemik wees op die arbeidsoriëntering van die leerling, sowel as die oordra van beroepsken= nis in beroepe wat vir dié leerlinge toeganklik is.

Vraag 2c

Die volgende kwalifiserende item: "Indien u by Vraag 2a JA geantwoord het, hoe suksesvol geskied hierdie reëling (organisatories; opvoedkundig)?" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 2c), is na aanleiding van die response op Vraag 2a uitgeskakel.

Vraag 7 [x)]

Die grootste oorweging wat by die instelling van 'n Praktiese kursus geld, is die getal minderbegaafde leerlinge vir wie daar voorsiening gemaak moet word. Die volgende item is daarom in die vraelys ingesluit: "Wat dink u moet die minimum getal leerlinge wees om die instelling van 'n Praktiese kur= sus te regverdig?" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 7). Response op hierdie item word in tabel 10.11 aangebied.

TABEL 10.11

Minimum getal leerlinge vir die instelling van 'n Praktiese kursus

| Getals= intervalle | 5 - 10 | 11 - 15 | 16 - 20 | 21 - 25 | 26 en meer | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal leer= linge in st. 6 | 11 | 17 | 8 | 1 | 3 | Totaal 40 |
| % | 27,5 | 42,5 | 20,0 | 2,5 | 7,5 | 100 |
| Getal leer= linge in st. 9 | 15 | 13 | 6 | 1 | 0 | 35 |
| % | 42,9 | 37,1 | 17,1 | 2,9 | 0 | 100 |

Volgens vraelysresponse is die meeste, naamlik 42,5% (17) respondente van me= ning dat 11 tot 15 leerlinge die minimum getal vir die instelling van 'n Prak= tiese kursus in st. 6 behoort te wees. Met betrekking tot st. 9 dui die meeste, naamlik 42,9% (15) respondente aan dat 5 tot 10 leerlinge voldoende is om die Praktiese kursus in st. 9 voort te sit. Op hierdie deel van die vraag het 5 respondente geen respons gelewer nie. Die getal leerlinge vir st. 9 is, soos verwag is, minder as die getal wat vir die instelling van die kursus in st. 6

x) Vraag 7 word in hierdie paragraaf bespreek omdat response daarop met die organisasie van die Praktiese kursus saamhang.

gestel word. Die leerlinge is teen die einde van st. 8 nie meer skoolpligtig nie, sodat 'n groot persentasie tot beroepe toetree.

Faktore soos die grootte van skole, die betrokke Praktiese kursus (byvoorbeeld die Algemene kursus vir seuns en/of dogters) en dubbelmedium skole maak 'n algemene gevolgtrekking met betrekking tot die minimum getal leerlinge vir die instelling van 'n Praktiese kursus in sts. 6 en 9 onmoontlik.

## 10.5 Fasiliteite, personeel- en handboekvoorsiening vir die Praktiese kursus

In hierdie paragraaf word response op items 3, 4 en 5 aangebied en bespreek.

Vraag 3

Die aanbieding van die Praktiese kursus het nie alleen in sekere studierigtings implikasies met betrekking tot fasiliteite soos laboratoria nie, maar ook ten opsigte van ekstra lokale in die algemeen. Die volgende item is daarom in die vraelys ingesluit: "Is daar voldoende fasiliteite, byvoorbeeld labo=ratoria en lokale vir praktiese werk vir al die leerlinge beskikbaar?" (By=laag 2, Afdeling B, Vraag 3). Response op hierdie item word in tabel 10.12 weergegee.

TABEL 10.12

Fasiliteite vir leerlinge in die Praktiese en Gewone kursusse

| Voldoende fasiliteite | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| Getal skole | 34 | 6 | 40 |
| % | 85,0 | 15,0 | 100 |

Volgens vraelysresponse beskik 85,0% (34) respondente oor voldoende fasili=teite vir die gebruik deur alle leerlinge in die skool. Hierbenewens dui 15,0%

(6) respondente aan dat daar wel probleme is met betrekking tot genoegsame fasiliteite. Die volgende word genoem: 'n praktikumlokaal vir Handelsvakke (Verkoopskuns en Besigheidsmetodes) en laboratoria vir Wetenskap en Biologie.

Vraag 4

Die Onderwysdepartement het skoolhoofde daarop gewys dat die Praktiese kursus met "bestaande personeel" hanteer moet word (O.V.S.-Omsendbrief no. 94 van 1972). Om vas te stel of hierdie reëling in die praktyk deurvoerbaar is, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Is u personeelvoorsiening vol= doende om die Praktiese kursus suksesvol deur te voer?" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 4). Response op hierdie item word in tabel 10.13 aangebied.

TABEL 10.13

Personeelvoorsiening vir die Praktiese kursus

| Voldoende personeel | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| Getal skole | 36 | 4 | 40 |
| % | 90,0 | 10,0 | 100 |

Volgens 90,0% (36) respondente is die personeelvoorsiening voldoende om die Praktiese kursus met sukses deur te voer. Die ander 10,0% (4) respondente dui personeeltekorte (kwantitatief en kwalitatief) met betrekking tot die vol= gende vakke aan: Tikskrif, Huisvlyt, Hout- en Metaalwerk. Die afsonderlike hantering van Engelsmediumgroepe stel ook verdere eise aan die personeel.

Vraag 5

Die beskikbaarheid van handboeke vir vakke in die onderskeie Praktiese kur= susse, as riglyn vir onderwysers wat dië vakke moet onderrig, bly steeds een van die dringendste behoeftes. Die volgende item is daarom in die vraelys ingesluit: "Ondervind u handboekprobleme vir die Praktiese kursus?" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 5). Response op hierdie item word in tabel 10.14 aange= bied.

TABEL 10.14

Beskikbaarheid van handboeke vir die Praktiese kursus

| Handboek= probleme | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| St 6 | 5 | 35 | 40 |
| % | 12,5 | 87,5 | 100 |
| St. 7 | 7 | 33 | 40 |
| % | 17,5 | 82,5 | 100 |
| St. 8 | 7 | 33 | 40 |
| % | 17,5 | 82,5 | 100 |
| St. 9 | 10 | 6 | 16 |
| % | 62,5 | 37,5 | 100 |

In sts. 6, 7 en 8 is daar 'n relatief klein persentasie, naamlik onderskeide= lik 12,5% (5), 17,5% (7) en 17,5% (7) skole wat tekorte in die voorsiening van bepaalde handboeke ondervind. Vakke wat deur al hierdie respondente ge= noem is, is Algemene Wetenskap, Praktiese Wiskunde en Tikskrif, terwyl Huis= vlyt ook deur een respondent aangedui is.

In st. 9 ondervind die meeste, naamlik 62,5% (10) respondente probleme in die beskikbaarheid van bepaalde handboeke. Alhoewel 'n aantal respondente aan= gedui het dat probleme in alle vakke ondervind word, is die volgende vakke spesifiek genoem: Biologie, Algemene Wetenskap, Praktiese Wiskunde, Tik= skrif, Rekeningkunde en Besigheidsmetodes.

## 10.6 Beroepstoetrede van leerlinge in die Praktiese kursus

In hierdie paragraaf word response op item 6 aangebied en bespreek.

### Vraag 6

Die waardebepaling van die st. 8- en st. 10-sertifikaat (Prakties) deur die beroepswêreld is 'n belangrike faktor in die toetredings- en bevorderingsge= leenthede van die leerling vanuit die Praktiese kursus. Die volgende item

is daarom in die vraelys ingesluit: "Het u opvolging gedoen van leerlinge wat vanuit die Praktiese kursus die skool aan die einde van st. 8 verlaat het met betrekking tot beroepstoetrede?" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 6). Response op hierdie item word in tabel 10.15 aangebied.

TABEL 10.15

Opvolging van leerlinge vanuit die Praktiese kursus met betrekking tot beroepstoetrede

| Opvolging gedoen | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| Getal skole | 15 | 25 | 40 |
| % | 37,5 | 62,5 | 100 |

Uit vraelysresponse blyk dat 37,5% (15) respondente opvolging van leerlinge uit die Praktiese kursus gedoen het. 'n Aantal van die 62,5% (25) respon= dente wat nie opvolging van dié leerlinge met betrekking tot beroepstoetrede gedoen het nie, is egter in die posisie dat die eerste groep leerlinge ge= durende 1977 in st. 8 is, en hulle dus nog geen leerling het om op te volg nie.

Bevindinge van opvolgwerk kan soos volg saamgevat word:

a. die meeste leerlinge slaag daarin om tot beroepe in die Poswese, Spoor= weë en Kleinsake ondernemings toegelaat te word en word as "gelukkig en goed aangepas" beskryf; maar

b. 'n aantal respondente verklaar ook dat verskeie leerlinge 'n "wisselvallige ontvangs" in die praktyk geniet en nie "baie aanvaarbaar is nie". Een respondent dui aan dat die oorsaak vir hierdie tendens in 'n "versadigde arbeidsmark" geleë is, waarin dit steeds moeiliker word om werk te vind.

## 10.7 Waardes en tekortkominge van die Praktiese kursus

Vraag 8

Die waardes en tekortkominge van die Praktiese kursus is in die volgende item ondersoek: "Wat beskou u as die belangrikste waardes en/of tekortkominge van die Praktiese kursus?" (Bylaag 2, Afdeling B, Vraag 8). Response op hierdie item word hierna saamgevat.

a. Waardes

1. Leerlinge wat andersins as gefrustreerde en minderwaardige mense die skool in die laer standerds van die hoërskool sou moes verlaat, ontvang nou on= derrig ooreenkomstig hul vermoëns en aanlegte en ontwikkel in mense met gebalanseerde persoonlikhede;

2. prestasie ontwikkel 'n gevoel van eiewaarde en 'n gesonde kompetisiegees in 'n homogene bekwaamheidsgroep;

3. die leerling met 'n st. 8- of 10-sertifikaat (Prakties) het beter werksge= leenthede as dié leerling wat vroeër die skool voor st. 8 moes verlaat;

4. die leerling ontwikkel minder spanning en vrees vir straf en meer self= vertroue, wat hom in staat stel om take aan te pak en deur te voer waar= voor hy andersins nooit die moed gehad het nie; en

5. die verlengde skoolloopbaan, wat die leerling in staat stel om 'n st. 10-sertifikaat (Prakties) te behaal, lewer 'n ryper en meer volwasse persoon aan die arbeidsmark. Op 'n vroeër ouderdom het baie leerlinge nog nie die persoonlikheidsrypheid om verkeerde invloede van groepe waarmee hy in kon= tak kom, te hanteer nie.

b. Tekortkominge

1. Volgens 22,5% (9) respondente is sillabusse té veel vereenvoudig, sodat

luiheid by leerlinge in die hand gewerk en die status van die kursus ver= laag word. "Wiskunde in st. 6 is nie eens st. 4-standaard nie", is een van die uitsprake in hierdie verband. Indien te min eise aan hierdie leer= linge gestel word, word mense gevorm wat nie deur die arbeidsmilieu aan= vaar sal word nie;

2. daar word dikwels 'n stigma aan dié kursus geheg, omdat ander leerlinge, ouers en die algemene publiek oningelig is oor die doelstellings van die kursus en die toekomsmoontlikhede wat daardeur vir 'n leerling gebied word;

3. voorskrifte met betrekking tot sillabusse en eksaminering is nog "vaag en daar is nog onsekerheid by onderwysers en inspekteurs ten opsigte van die regte standaarde";

4. leerlinge in die Praktiese klasse vereis individuele aandag, sodat groot klasse (35 leerlinge) met onvoldoende personeelvoorsiening moeilik han= teerbaar is;

5. twee respondente dui aan dat die Handelsrigting beperkte beroepsmoontlik= hede vir seuns bied. Beroepsgeleenthede is in die algemeen onseker en be= perk; en

6. daar is te min hulpmiddels beskikbaar om die aanbieding van vakke konkreet genoeg te maak.

## C. <u>Voorligting</u>

### 10.8 <u>Organisasie van Voorligting in sekondêre skole</u>

In hierdie paragraaf word response op items 1, 2, 3, 4 en 6 aangebied en bespreek.

<u>Vraag 1</u>

Die volgende kwalifiserende item is eerstens in hierdie afdeling van die vrae= lys ingesluit: "Is daar standerds met meer as een klasgroep (seksie) in u skool?"

(Bylaag 2, Afdeling C, Vraag 1). Response op hierdie item word in tabel 10.16 aangebied.

TABEL 10.16

Standerds met meer as een klasgroep

| Meer as een klasgroep | Ja | Nee | Totaal |
|---|---|---|---|
| Getal skole | 46 | 35 | 81 |
| % | 56,8 | 43,2 | 100 |

Daar is dus 56,8% (46) skole met standerds wat in meer as een klasgroep ver=deel is.

Vraag 2

Die grootte van klasse het 'n invloed op die vrymoedigheid waarmee leerlinge in 'n Groepvoorligtingsklas aan klasbespreking deelneem en hul probleme opper. Kleiner klasse bied ook aan die Voorligter die geleentheid om die implikasies van bepaalde vakkeuses in 'n studierigting in die senior sekondêre fase aan groepe leerlinge in dieselfde klas te verduidelik. Die oordra van beroepsken=nis met betrekking tot 'n spesifieke beroep, waarin al die leerlinge moontlik nie belangstel nie, kan verder ook makliker gedoen word in kleiner groepe. Om hierdie redes is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Dui met 'n krui=sie (x) aan of u Voorligting aan elke klasgroep (seksie) afsonderlik aanbied en of u klasgroepe vir dié doel saamgroepeer" (Bylaag 2, Afdeling C, Vraag 2). Response op hierdie item word in tabel 10.17 aangebied en het slegs betrekking op 55,6% (45) skole, wat meer as een klasgroep in 'n standerd het. Een van die 46 skole (vergelyk tabel 10.16), wat 600+ leerlinge het, stel die volgende: "Geen formele Voorligting word gegee nie, buiten in st. 9 en 10". Hierdie res=pondent hou nie rekening met die beginsels van Voorligting (vergelyk par. 7.3) en die waarde wat Goewermentskennisgewing R2029, met betrekking tot gedifferen=sieerde onderwys, aan Voorligting toeken nie.

TABEL 10.17

Saamgroepering,al dan nie, van klasse vir Voorligting

| | Voorligting aan elke klasgroep afsonderlik | Saam groepering van 2 klasgroepe | Saam groepering van 3 klasgroepe | |
|---|---|---|---|---|
| Standerds | 1 klas | 2 klasse | 3 klasse | Totaal |
| st. 6 | 40 | 3 | 2 | 45 |
| % | 88,9 | 6,7 | 4,4 | 100 |
| st. 7 | 38 | 6 | 1 | 45 |
| % | 84,4 | 13,3 | 2,2 | 100* |
| st. 8 | 37 | 6 | 2 | 45 |
| % | 82,2 | 13,3 | 4,4 | 100* |
| st. 9 | 40 | 4 | 1 | 45 |
| % | 88,9 | 8,9 | 2,2 | 100 |
| st. 10 | 44 | 1 | 0 | 45 |
| % | 97,8 | 2,2 | 0 | 100 |

Alhoewel 'n klein persentasie, toon vraelysresponse, dat daar wel skole is dat die effektiwiteit van Voorligting laat skade ly deur die saamgroepering van klasse vir hierdie doel.

Vraag 3

Om vas te stel watter plek aan Voorligting in die weeklikse skoolprogram toege= ken word, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Hoeveel tyd word ge= middeld per week in u skool aan Voorligting deur die Voorligter(s) op u personeel bestee?" (Bylaag 2, Afdeling C, Vraag 3). Response op hierdie item word ver= volgens bespreek.

Alhoewel die effektiwiteit of kwaliteit van Voorligting nie direk afgelei kan word van die kwantitatiewe tydsbesteding aan Voorligting in 'n skool nie, word die skoolhoof se begrip van die rol daarvan in die nuwe stelsel van gedifferen= sieerde onderwys tog daardeur gereflekteer.

## Groepsvoorligting

Met betrekking tot Groepsvoorligting word die bepaling van die Onderwysdeparte= ment, naamlik 1 periode per klasgroep per week in die algemeen deurgevoer.

## Individuele onderhoude

'n Aantal respondente toon aan dat individuele onderhoude nie georganiseerd plaasvind nie, maar wel na gelang "probleemgevalle" onder die hoof en/of Voor= ligter se aandag kom. Enkele ander response word vervolgens weergegee (die tyd wat aangegee word, is per week):

a. volgens 17,3% (14) respondente word geen tyd aan individuele onderhoude afgestaan nie;

b. st. 6 tot 9: 30 minute per standerd; st. 10: 60 minute;

c. st. 6 tot 9: geen tyd; st. 10: 90 minute;

d. st. 6: 60 minute; st. 7: 120 minute; sts. 8 en 9: 60 minute elk; st. 10: 180 minute;

e. st. 6 tot 10: 30 minute per standerd;

f. st. 6 tot 9: soos benodig; st. 10: met elke leerling;

g. st. 6 tot 8: 10 minute per standerd; st. 9: 20 minute; st. 10: 30 minute;

h. st. 6 tot 9: 10 minute per standerd; st. 10: 20 minute;

i. st. 6: geen tyd; st. 7: indien nodig 10 minute; st. 8: indien nodig 30 minute; st. 10: 10 minute; en

j. st. 6 tot 9: 5 minute; st. 10: 15 minute.

Alhoewel die grootte van die skool implikasies het vir die tyd wat benodig sal word vir geskeduleerde onderhoude met alle st.7- en 10-leerlinge, is die tyd wat deur algemene opvoedkundige probleme in beslag geneem word onafhanklik van die skool se grootte. Hierdie geskeduleerde onderhoude sluit hoofsaak= lik Opvoedkundige en Beroepsvoorligting in (kyk par. 7.5.2), terwyl dit dik= wels gebeur dat die groep leerlinge wat die tweede jaar van die junior sekon= dêre fase bereik, slegs deur die primêre skool "aangestuur" is, sonder voor= ligting met betrekking tot skooltipe- en die beperkte, maar delikate vakkeuses wat in st. 6 ter sprake is. In hierdie geval sou geskeduleerde onderhoude 'n noodsaaklikheid vir alle st. 6-leerlinge wees om latere probleme in oorskake= lingsmoontlikhede te voorkom. Teen hierdie agtergrond kan die Voorligtings= werk slegs tot sy reg kom indien die Voorligtingsprogram op 'n vaste en georgani= seerde basis verloop (kyk verder par. 10.10 en hoofstuk 11).

Uit die aangehaalde vraelysresponse kom dit voor asof:

1. individuele Voorligtingswerk in die meeste gevalle slegs 'n "noodhulpka= rakter" aanneem; terwyl

2. Voorligting met betrekking tot die finale studierigting- en vakkeuse na st. 7 slegs in een geval (vergelyk d) realistiese erkenning geniet. Om 5 of 10 minute per week aan individuele Opvoedkundige en Persoonlikheidsvoor= ligting te bestee (vergelyk j, g, h en i), is skaars genoeg tyd om rapport met een leerling te bewerkstellig.

Vraag 4

In die skool hanteer die vakonderwyser kleiner persoonlike en opvoedkundige pro= bleme van die leerlinge, wat op die oog af nie dieperliggende oorsake het nie. Wanneer die onderwyser egter besef dat die leerling se probleem gespesialiseer= de aandag behoort te ontvang, moet die leerling via die hoof na die toepaslik opgeleide Voorligter op die personeel verwys word. Na 'n onderhoud met die leerling mag die Voorligter besluit dat die leerling se probleem hantering op neurologiese of paramediese vlak vereis. Skakeling met die inspekteur-siel=

kundige en ander dienste is die reël in hierdie geval. Voorligting geskied hiervolgens op drie vlakke. Wanneer die onderwyser/-es 'n leerling weens ongedissiplineerdheid in die klaskamer na die hoof se kantoor stuur, mag hy bevind dat die leerling se gedrag uit toevallige oorsake te verklaar is en nie ernstige gedrags- en/of leerprobleme impliseer nie. In die vraelys word daar in die volgende item: "Wie hanteer die volgende probleme wat by leer=linge in u skool mag voorkom? Waar meer as een instansie betrokke is, merk hulle vanaf die belangrikste met 'n 1, die tweede belangrikste met 'n 2, ens." (Bylaag 2, Afdeling C, Vraag 4), verwys na leer-, persoonlikheids-, studie=rigting-, vak- en beroepskeuseprobleme wat gespesialiseerde kennis (hantering) vereis. Gestruktureerde responsmoontlikhede, naamlik "Voorligter met toepas=like opleiding; Voorligter sonder toepaslike opleiding; Hoof; Adjunk-hoof; Vise-hoof; Vakonderwyser; Inspekteur-sielkundige; Skoolkliniek", dien verder as riglyn vir die respondent.

Die personeelprioriteit in hantering van die genoemde leerlingprobleme behoort in die algemeen bepaal te word deur die beskikbaarheid van 'n toepaslik opge=leide Voorligter op die personeel (kyk par. 10.9). Omdat die inskakeling van psigometriese toetse slegs 'n aspek van diagnosering en identifisering in die Voorligtingsprogram verteenwoordig, word Psigometrici wat 'n vakansiekursus in die afneem van psigometriese toetse deurloop het, nie as toepaslik opge=leide Voorligters beskou nie. Die verantwoorde interpretering van toetsresul=tate en 'n wetenskaplik-verantwoorde prognose kan slegs op 'n professioneel-akademiese opleiding gegrond wees (kyk par. 7.5.4).

Response op item 4 (Bylaag 2, Afdeling C) word daarom in drie groepe verdeel, naamlik dié van skole met 'n Psigometrikus (indiensopleidingskursus in psigo=metriese tegnieke), skole met 'n toepaslik opgeleide Voorligter en skole met per=soneellede sonder enige opleiding in Voorligting. Hierdie gegewens word in tabel 10.18 aangebied.

Die wyse waarop respondente hierdie item beantwoord het, skakel die moontlik=heid uit om die getal response ten gunste van 'n bepaalde persoon, wat 'n pro=bleem behoort te hanteer, in verhouding tot die totale aantal respondente uit te druk. Sekere respondente het byvoorbeeld meer as een persoon met 'n 1 of 2 aangedui, terwyl response ook gewissel het van die aanduiding van 2 tot 5 prioriteite. Ander respondente het slegs merkies gemaak en nie prioriteite

aangedui nie. In die verwerking van die response is in elkeen van die drie kategorieë bereken hoeveel respondente 'n bepaalde prioriteit aangedui het en die getalle vergelyk om die totale volgens prioriteit in die tabelle aan te dui. Waar die gelyke aantal respondente 'n bepaalde prioriteit verkies, word dieselfde syfer in die tabel gebruik. Die voorkeure van respondente word met 1 as die belangrikste, 2 as tweede keuse, ens. weergegee.

TABEL 10.18

Persone wat probleme van leerlinge hanteer

a. Skole met 'n Psigometrikus

| | Personeel | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Probleme | Hoof | Psigometrikus | Vakonderwyser | Vise-hoof | Inspekteur-sielkundige |
| Studie- en leer=probleme | 2 | 1 | 3 | | 4 |
| Persoonlikheids=probleme | 1 | 2 | | | 3 |
| Studierigting- en vakkeuseprobleme | 2 | 1 | 3 | 3 | 4 |
| Beroepskeusepro=bleme | 2 | 1 | 3 | 3 | 4 |

b. Skole met 'n toepaslik opgeleide Voorligter

| | Personeel | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Probleme | Hoof | Voorligter met toepaslike op=leiding | Vakonderwyser | Vise-hoof | Inspekteur-siel=kundige |
| Studie- en leer=probleme | 3 | 1 | | 2 | |
| Persoonlikheids=probleme | 1 | 2 | 3 | | 4 |
| Studierigting- en vakkeusepro=bleme | 1 | 2 | 3 | 3 | 3 |
| Beroepskeusepro=bleme | 2 | 1 | 3 | | 4 |

c. Skole met personeellede sonder enige opleiding in Voorligting

| | Personeel | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Probleme | Hoof | Voorligter sonder toepaslike oplei= ding | Vakonderwyser | Vise-hoof | Inspekteur-sielkundige |
| Studie- en leerprobleme | 1 | 2 | 3 | 3 | 4 |
| Persoonlik= heidsprobleme | 1 | 2 | | | 3 |
| Studierig= ting- en vak= keuseproble= me | 1 | 2 | | 3 | |
| Beroepskeuse= probleme | 2 | 1 | | 3 | 4 |

Die belangrikste persoon of instansie vir die hantering van die verskillende probleme (soos deur die drie kategorieë onderskeidelik aangedui), word ver= volgens uit vraelysresponse saamgevat. Met betrekking tot:

a. studie- en leerprobleme word die Psigometrikus (tabel 10.18(a),die Voor= ligter met toepaslike opleiding (tabel 10.18(b)) en die Hoof (tabel 10.18 (c))onderskeidelik aangedui;

b. persoonlikheidsprobleme word die Hoof deur al drie groepe as die persoon met die hoogste prioriteit verkies;

c. studierigting- en vakkeuseprobleme word die Psigometrikus (groep a) en in die laaste twee groepe (b en c) die Hoof as die belangrikste persoon aan= gewys; en

d. beroepskeuseprobleme word die Psigometrikus, die Voorligter met toepaslike opleiding en die Voorligter sonder toepaslike opleiding onderskeidelik deur die drie groepe aangedui as die persoon wat die hoogste prioriteit in die hantering van dié probleme behoort te geniet.

Uit hierdie gegewens blyk dit dat die hoof die persoon is wat persoonlikheids= probleme hanteer, terwyl die Voorligters, met verskillende grade van toepaslike opleiding, vir die hantering van beroepskeuseprobleme verantwoordelik is. Die

afleiding word verder gemaak dat die Inspekteur-sielkundige, as spesialis op die genoemde terreine, as laaste toevlug beskou word, wanneer die leerling=probleem die skoolpersoneelkringloop voltooi het.

Die toepaslik opgeleide Voorligter wat aan elke personeel toegevoeg moet wees, behoort deur die hoof as professioneel geskoolde persoon erken te word. Die hoof behoort daarom leerlinge met die genoemde probleme (soos vroeër gekwa=lifiseer) na die Voorligter te verwys, wat weer aan die hoof verslag moet doen. Dit mag wel in enkele gevalle voorkom dat die hoof self 'n toepaslik opgeleide Voorligter is, maar sy pligte as hoof laat egter nie voldoende tyd om leerlingprobleme op voltydse grondslag te hanteer nie.

Vraag 6

Psigometriese toetse is hulpmiddels wat die toepaslik opgeleide Voorligter in staat stel om op 'n objektiewe wyse inligting oor bepaalde persoonlikheids=aspekte van die leerling te bekom. Die volgende item is daarom in die vrae=lys ingesluit: "Watter psigometriese toetse word in u skool gebruik in lei=ding by studierigting-, vak- en beroepskeuse van leerlinge?" (Bylaag 2, Af=deling C, Vraag 6). Response op hierdie item toon dat die Nuwe Suid-Afri=kaanse Groeptoets, die CV-Belangstellingsvraelys, die Junior en Senior Aan=legtoetse, die Biografiese vraelys en enkele Skolastiese Bekwaamheidstoetse deur skole gebruik word. Die aantal skole wat oor bogenoemde toetse beskik en dit vir die meting van intelligensie, belangstelling, aanleg en die ver=sameling van biografiese gegewens en vasstelling van skolastiese bekwaamhede in die onderskeie fases van die sekondêre skool gebruik, word in tabel 10.19 aangebied (kyk p. 219).

TABEL 10.19

Getal skole wat oor psigometriese toetse beskik en dit in die onderskeie skoolfases gebruik

| Skoolfases | Junior sekondêre fase | | Senior sekondêre fase | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % |
| Intelligensie | 79 | 97,5 | 50 | 61,7 |
| Belangstelling | 23 | 28,4 | 71 | 87,7 |
| Aanleg | 49 | 60,5 | 26 | 32,1 |
| Biografiese gegewens | 5 | 6,2 | 19 | 23,5 |
| Skolastiese be= kwaamhede | 3 | 3,7 | 4 | 4,9 |

(Aantal respondente = 81)

Vraelysresponse toon dat slegs 28,4% (23) respondente oor belangstellingsvrae= lysresultate in die junior sekondêre fase beskik. Die onderbeklemtoning van die rol wat aanleg in die totaliteit van die persoonsbeeld in die junior en senior sekondêre fases geniet, word beklemtoon deur die feit dat slegs 60,5% (49) en 32,1% (26) respondente onderskeidelik oor objektiewe inligting van leerlinge in hierdie verband beskik (kyk hoofstuk 3).

## 10.9 Kwalifikasies en kwaliteite van die Voorligter

### Vraag 5

Om vas te stel oor watter kwalifikasies Voorligters in die sekondêre skole beskik, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Oor watter kwalifika= sies beskik u Voorligter(s) op die personeel?" (Bylaag 2, Afdeling C, Vraag 5). Response op hierdie item kan in drie kategorieë verdeel word, naamlik:

a. Voorligters met Voorligtingsielkunde III en H.O.D. of Psigologie III en H.O.D. met spesialisering in Voorligting of B.Ed. met spesialisering in Voor= ligting;

b. Voorligters met slegs 'n vakansiekursus in psigometriese tegnieke; en

c. "Voorligters" met geen opleiding in Voorligting nie.

In tabel 10.20 word vraelysresponse met betrekking tot die getal skole wat oor die dienste van bogenoemde kategorieë Voorligters beskik, weergegee. Response in verband met Voorligter no. 1 (die Voorligter met die beste kwa= liteite, naamlik toepaslike opleiding, persoonlikheidseienskappe en ervaring, soos beoordeel deur die hoof) verteenwoordig die totale aantal respondente, naamlik 81, terwyl dié vir Voorligter no. 2 (die Voorligter wat die tweede keuse, op grond van die genoemde kwaliteite, is) slegs 40 respondente insluit, omdat 41 skole net een Voorligter op die personeel het (Tabel 10.20 volg op p. 221 ).

TABEL 10.20

Getal skole wat oor verskillende kategorieë Voorligters beskik

| | a. Voorligters met toepaslike opleiding | | b. Psigometrici | | c. Voorligters sonder toe= paslike opleiding | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voorligter no. 1 | Voorligter no. 2 | Voorligter no. 1 | Voorligter no. 2 | Voorligter no. 1 | Voorligter no. 2 |
| | (81 skole) | (40 skole) | (81 skole) | (40 skole) | (81 skole) | (40 skole) |
| Getal skole | 6 | 1 | 35 | 15 | 40 | 24 |
| % | 7,4 | 2,5 | 43,2 | 37,5 | 49,4 | 60,0 |

Response toon dat slegs 7,4% (6) en 2,5% (1) skole oor toepaslik opgeleide Voor= ligters as Voorligter no. 1 en 2 onderskeidelik beskik. Verder is daar 49,4% (40) en 60,0% (24) skole met Voorligters, as Voorligter no. 1 en 2 onderskei= delik, wat geen opleiding in Voorligting ontvang het nie. Dit is waarskynlik hierdie onbevredigende toestand wat daartoe aanleiding gegee het dat die Onder= wysdepartement vakansiekursusse in psigometriese tegnieke georganiseer het (kyk par. 7.5.3). As resultaat hiervan is daar 43,2% (35) en 37,5% (15) skole wat oor Psigometrici, as Voorligters no. 1 en 2 onderskeidelik, beskik.

Vraag 8[x)]

Skoolhoofde verskil in 'n groot mate oor die prioriteit wat aan bepaalde kwali= teite vir 'n suksesvolle Voorligter gestel behoort te word. Die volgende item is daarom in die vraelys ingesluit: "Watter vereistes beskou u as belangrik by 'n Voorligteronderwyser? Nommer asseblief u keuses vanaf die belangrik= ste met no. 1, tot by die minsbelangrikste met no. 3" (Bylaag 2, Afdeling C, Vraag 8). Response op hierdie item word in tabel 10.21 aangebied.

TABEL 10.21

Kwaliteite van 'n Voorligteronderwyser

| Vereistes | Onderwys= ervaring | Toepaslike opleiding | Persoonlikheids= eienskappe | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Getal eer= ste keuses | 13 | 41 | 27 | 81 |
| % | 16,0 | 50,6 | 33,3 | 100* |
| Getal twee= de keuses | 20 | 23 | 38 | 81 |
| % | 24,7 | 28,4 | 46,9 | 100 |
| Getal der= de keuses | 48 | 17 | 16 | 81 |
| % | 59,3 | 21,0 | 19,8 | 100* |

Uit vraelysresponse blyk dat die meeste, naamlik 50,6% (41) respondente toepaslike gespesialiseerde opleiding as die belangrikste vereiste, 46,9% (38) respondente persoonlikheidseienskappe as die tweede belangrikste vereiste en 59,3% (48) res= pondente onderwyservaring as die derde belangrikste vereiste vir 'n Voorligter

x) Vraag 8 word hier bespreek omdat die response daarop verband hou met die tema van hierdie paragraaf.

stel. Hierdie gradering van kwaliteite is opvoedkundig gesond.

Na aanleiding van response in tabelle 10.20 en 10.21 word tot die gevolgtrekking gekom dat skoolhoofde prioriteit verleen aan toepaslik opgeleide Voorligters om Voorligtingswerk te hanteer, maar dat daar 'n geheel en al ontoereikende ge= tal Voorligters met gespesialiseerde opleiding in hierdie poste is.

## 10.10 Die werkspatroon van 'n toepaslik opgeleide Voorligter

In hierdie paragraaf word response op item 7 aangebied en bespreek.

Die organisasie van die Voorligtingsprogram in 'n skool beeld die begrip vir die wese en beginsels van Voorligting uit (kyk par. 7.5.3). Die volgende items is daarom in die vraelys ingesluit: "Wat sou u as die beste werkspatroon vir 'n toepaslik opgeleide Voorligter op u personeel beskou?

a. dat hy/sy uitsluitlik Voorligtingswerk behartig;

b. dat hy/sy Voorligtingswerk behartig, maar ook vakonderwys gee;

c. dat hy/sy self alle toepaslike psigometriese toetse in die skool mag toepas; of

d. dat alle toetse slegs deur die departementele Voorligter toegepas word en die resultate ter beskikking gestel word van die Voorligter(s) op die perso= neel van u skool" (Bylaag 2, Afdeling C, Vrae 7a, b, c en d). Response op hierdie item word in tabel 10.22 aangebied (kyk p. 224).

TABEL 10.22

Werkspatroon van 'n toepaslik opgeleide Voorligter

| Aktiwiteite | a. Uitsluitlik Voorligtings= werk | | b. (i) Voorligting en vak= onderwys | | c. Alle psigometriese toetse toepas | | d. Alle psigometriese toetse deur die De= partementele Voorlig= ter toegepas | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee | Ja | Nee |
| Getal skole | 36 | 45 | 45 | 36 | 70 | 11 | 7 | 74 |
| % | 44,4 | 55,6 | 55,6 | 44,4 | 86,4 | 13,6 | 8,6 | 91,4 |

(Aantal respondente = 81)

Organisering van Voorligting en vakonderwys (a, b).

Volgens die meeste, naamlik 55,6% (45) respondente behoort die Voorligter nie uitsluitlik Voorligtingswerk te behartig nie, maar ook vakonderwys.

Vraag 7b(ii)

Die grondslag waarop hierdie aktiwiteite georganiseer moet word, word deur die volgende kwalifiserende item vasgestel: "Indien u JA geantwoord het op Vraag 7b(ii), op watter basis?" Response op hierdie item word in tabel 10.23 aangebied.

TABEL 10.23

Verdeling van tyd tussen Voorligtingswerk en vakonderwys

| Persentasie inter= valle | Tyd aan Voorligtingswerk | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 29% en minder | 30-50% | 51-69% | 70% en meer | Totaal |
| Getal skole | 3 | 20 | 8 | 14 | 45 |
| % | 6,7 | 44,4 | 17,8 | 31,1 | 100 |

Die meeste, naamlik 44,4% (20) respondente is van mening dat die Voorligter se pro= gram so georganiseer moet word dat hy 30 tot 50% van die tyd op die skoolrooster aan Voorligtingswerk moet bestee en die res van die tyd aan vakonderwys. Na ver= gelyking van bepaalde response met die grootte van die betrokke skole, is tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n verband tussen hierdie twee faktore bestaan. Die grootste persentasie kleiner sekondêre skole (± 200 en minder leerlinge) is van mening dat die Voorligter die grootste persentasie van sy tyd aan vakonderwys moet bestee. 'n Gebrekkige begrip vir die inhoud van die Voorligtingsprogram in die sekondêre skool kan moontlik die verklaring hiervoor wees (kyk par. 7.5).

Vraag 7c

Die afneem van psigometriese toetse (c, d)

Volgens 86,4% (70) respondente (kyk tabel 10.22) moet psigometriese toetse deur Voorligters in die skool afgeneem word, terwyl 13,6% (11) respondente van mening

is dat dit nie die geval behoort te wees nie. Die departementele Voorligter (Inspekteur - sielkundige en/of kliniekpersoneel) word slegs deur 8,6% (7) res= pondente as toetsafnemer verkies, terwyl 91,4% (74) van mening is dat dit nie die geval behoort te wees nie. Daar is dus 4,9% (4) respondente, wat aandui dat nóg die Voorligter op die personeel, nóg die departementele Voorligter as toets= afnemer moet optree. Ander instansies is egter nie by name aangedui nie.

Indien die Voorligter toepaslike, gespesialiseerde opleiding ontvang het, is hy volgens etiese kode die enigste persoon op die personeel wat as hooftoetsaf= nemer en interpreteerder van psigometriese toetse behoort op te tree (kyk para= grawe 7.5.3 en 7.5.4).

## 10.11 Waardes en tekortkominge van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel in sekondêre skole

In hierdie paragraaf word response op item 9 aangebied.

Vraag 9

In die laaste, ongestruktureerde item is respondente gevra om algemene waardes en/of tekortkominge van die nuwe stelsel aan te dui: "Watter besondere proble= me, tekortkominge en/of voordele is daar volgens u ervaring in die huidige stel= sel van gedifferensieerde onderwys?" (Bylaag 2, Afdeling C, Vraag 9). Response op hierdie item kan soos volg saamgevat word:

a. Waardes

1. Elke leerling word ooreenkomstig differensiële vermoëns, aanlegte en belang= stellings onderrig;

2. meer leerlinge kry die geleentheid om 'n skooleindsertifikaat te verwerf; en

3. die kwaliteit van die leerstof kan in die Hoër Graadklasse uitgebrei word om kreatiwiteit en selfwerksaamheid by leerlinge te ontwikkel. Die leerlinge in die Standaardgraad- en Praktiese klasse word ook die geleentheid gebied om

volgens eie tempo en volgens die vermoëns van die groep te vorder.

b. Tekortkominge

1. Onvoldoende personeelvoorsiening kortwiek die doeltreffende implemen= tering van gedifferensieerde onderwys: die instelling van keusevakke, sowel as die aanbieding van Hoër en Standaardgraadvakke in afsonderlike lokale, word deur die getal personeellede bepaal;

2. as gevolg van die feit dat skole nou in 'n groter mate as vroeër in kur= rikulums verskil, ondervind leerlinge wat verhuis dikwels onoorkomelike probleme;

3. "die grootste praktiese probleem is sonder twyfel dat leerlinge wat vak= ke op Hoër en Standaardgraad neem in dieselfde periode in dieselfde lo= kaal hanteer moet word";

4. "klein skole se leerlingtal sal daal indien leerlinge werklik na skole van hul besondere aanleg verwys word"; "differensiasie bedreig die voort= bestaan van die kleiner hoërskool, omdat dit volgens my mening in hom die kiem van sentralisasie dra". In hierdie verband dui enkele hoofde van beroepskole aan dat leerlinge afgeraai word om dié studierigtings te volg en so "opgeoffer word om die getalle van die kleiner skole te behou";

5. Voorligtingsdienste in skole is ontoereikend en ondoeltreffend: gebrek= kige en selfs geen Voorligting in die primêre skoolfases gee aanleiding tot die keuse van verkeerde skooltipe in st. 6 en met die huidige werks= patroon van die Voorligter kan hy en die hoof nie daarin slaag om aan al= le leerlingprobleme aandag te gee nie; "doeltreffende gedifferensieerde onderwys sonder doelgerigte Voorligting is onmoontlik. Elke skool moet 'n addisionele, goed opgeleide Voorligter hê. So 'n persoon moet nie uit die huidige personeelvoorsiening getrek word nie";

6. in die st. 10-eindeksamen word daar nie genoeg gedifferensieer tussen Hoër en Standaardgraadvraestelle nie (volgens 1 jaar ervaring). Beide hierdie vraestelle behoort deur dieselfde eksaminator opgestel te word,

sodat duidelik gedifferensieer kan word;

7. met betrekking tot sillabusse word die volgende aangedui: sillabusse vir Wiskunde en Natuur- en Skeikunde Hoër Graad en Bedryfsekonomie, in die algemeen sowel as dié vir Geskiedenis en Aardrykskunde in sts. 6 en 7 is té omvangryk; sekere sillabusse vir Hoër en Standaardgraad ver= skil slegs in kwantiteit leerstof, maar nie in standaard nie; sillabusse vir Hoër Graadvakke moet in die algemeen korter wees om meer tyd vir selfstandige werk toe te laat;

8. 'n leerling, wat daartoe in staat is om sekere vakke op Hoër Graad te neem, moet daartoe verplig word, omdat dié leerling en sy ouers dikwels daarop ingestel is om 'n skooleindsertifikaat te behaal en sy kurrikulum daarom so veel as moontlik te vereenvoudig;

9. 'n kriterium behoort vasgelê te word vir die kanalisering van leerlinge na Hoër en Standaardgraadvakke, omdat Hoër Graadvakke 'n prestigewaarde ontwikkel het en leerlinge wat nie die aanleg en vermoë besit om 'n vak op Hoër Graad te volg nie, daarop aandring om dit wel te doen; en

10. psigometriese toetse slaag nie daarin om fyn genoeg te diskrimineer met betrekking tot die verskillende studierigtings nie.

## 10.12 Samevatting

In hierdie hoofstuk is vraelysresponse met betrekking tot die aanbieding van Funksionele , Hoër en Standaardgraadvakke, die Praktiese kursus en Voor= ligting in die sekondêre skool aangebied en bespreek. Response rakende die waardes en tekortkominge van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel is ook aangebied.

In hoofstuk 11 word die teoretiese en empiriese gegewens saamgevat en enkele gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.